

Mamma en Pappa laat kyk asb na my ore!

Dr Jo-Marie vdM Bothma

Ons tweede baba, 'n groot-oog seuntjie-baba (wat so goed op die BabaGim suigoefeninge gereageer het tydens voedings, ten spyte daarvan dat hy met laringomalasie en 'silent reflux' op 6 weke gediagnoseer is), wou teen 6 maande nog nie sit nie. Hy kon nie eens amper sy eie lyfie self regop hou nie. Hy het gereeld so inmekaar en vooroor gebuig gesit. Teen 7 maande het ek agter gekom dat hy stewiger sit, maar sou omval sodra hy sy koppie beweeg om 'n bewegende voorwerp met sy ogies te volg. Vandaar het ek meer op sy ontwikkeling begin fokus. Ek het ook besef dat sy babbels nie so goed vergelyk soos maatjies van sy ouderdom nie en dat hy boonop ook swak reageer op klank.

Aanvanklik kon geen dokter 'n probleem identifiseer nie. 'n Vriendin –Oudioloog het sy ore begin toets vanaf dieselfde tyd en alhoewel daar geen tekens van infeksie was nie, het tellings gedui op uitermatige hoë druk in die middeloor en swak beweging van die oordrom. Ons het getrou volgehou met vestibulêre-oefeninge en daar is elke dag BabaGim ingespan om spiere sterker te maak. Alhoewel hy al stewiger begin sit het, was sy balans swak, sou hy maklik omval en het hy geen poging aangewend om selfs net op sy magie te seil nie. Teen 9 maande kon hy ook nog nie hande-vier-voet te staan kom nie. Deurentyd is sy ore gemonitor, selfs 'n kursus antibiotika is probeer – maar geen verbetering betreffende die drukking in die middeloor het gevolg nie. Op 10 maande het ons 'n Oor-neus-en-keel-spesialis gaan sien wat hom dieselfde dag nog geopereer het. Hy het pypies in die oordrom geplaas en sy ore skoongesui. Ons moes na die operasie hoor dat hy gom-ore het; die dik vloeistof in sy middeloor was waarskynlik vir maande al daar en het nie net sy gehoor affekteer nie, maar ook sy vestibulêre sisteem.

Tuis het ons elke dag vestibulêre-oefeninge op 'n groot bal gedoen, in die winterson buite geswaai en (sonder enige hulpmiddels soos kussings) sit aangemoedig. My BabaGim notas was teen sy kamer se muur opgeplak sodat ek elke wakker oomblik kon gebruik om hom te stimuleer.

Presies 2 weke na sy operasie stap ek in sy kamer in en daar sit meneertjie (vir die eerste keer!) heeltemaal op sy eie kierts-regop in sy bed. Toevallig nogals met sy BabaGim hempie aan!

Regs: Eerste keer wat Merwe onafhanklik (sonder enige ondersteuning) sit op 10 maande (2 weke na operasie)

Toe is dit hardewerk om meneertjie te oorreed om te begin kruip! Hy het binne 3 weke van stewig sit tot maagkruip – seil gevorder. Ek was so opgewonde, maar soos wat die weke verby getik het was ek ook bekommerd, want wanneer begin hy dan kruip, hoekom neem dit so lank?!

Wéér het ek my BabaGim notas nader getrek en besef dat hy nog 'n bietjie harder gaan moet werk om spiere sterker te maak. Op 11 maande was hy redelik groot en lank, en was daar nie genoeg krag in sy arms om sy lyfie regop in die kruip posisie te bring nie. Ek was so bang dat hy net op sy magie sou bly seil en nooit sou kruip nie!




Met BabaGim-oefeninge het ons sy armpies sterker gemaak deur hom elke dag op die bal te laat oefen, maar elke keer moes hy vir 'n paar sekondes met sy armpies voor hom druk op die grond voor ek hom weer sou terug 'tilt'. Later kon hy dit al hoe langer doen en so het hy toe ook begin om sy bo-lyfie regop te druk vanaf sy maag-liggende posisie. **Prent-voorbeeld:**



Regs: Merwe op 11 ½ maande. Ons asjas seil op sy magie tydens een van sy oefen sessies. Hier was hy al regtig 'n ware "pro" en kon blitsvinnig die hele huis vol seil.

Daarna het hy op sy kniegies gestaan terwyl hy gespeel het by 'n lae stoeltjie of tafeltjie en toe begin hy homself oor my bene stoot/trek en siedaar – daar staan hy op al 4 en wieg!



Na omtrent nog 2 weke van kruip-bewegings oefen (terwyl ek hom met 'n handdoek onder sy lyfie ondersteun) het hy sy debuut gemaak en 2 dae voor sy eerste verjaarsdag begin kruip!

Links: Uiteindelik, hy kruip! Merwe twee dae voor sy eerste verjaarsdag!



Ek het 'n hele paar dinge hieruit geleer. Maar, dit wat my sal by-bly is: Moet nooit opgee nie, kry NOG geduld en vier elke klein mylpaaltjie op pad na daardie groot kruip!

Volg gerus die skakels vir meer leesstof oor **Die Oor** deur Dr Jo-Marie vdM Bothma:

[THE VESTIBULAR SYSTEM - MOTION AND BALANCE \(Part 1\)](#)

[THE VESTIBULAR SYSTEM - MOTION AND BALANCE \(Part 2\)](#)